

CENTURION SYSTEMS (PTY) LTD HOOFKANTOOR:
TEL: +27 (0)11 699-2400, FAKS: +27 (0)11 704-3412 of 462-6669
148 EPSOM LAAN, NORTH RIDING
POSBUS 506, CRAMERVIEW, 2060
SUID AFRIKA

WEB: <http://www.centsys.co.za> Algemene inligting e-mail: info@centsys.co.za



VIR TEGNIESE BYSTAND KONTAK:

OOS RAND (011) 397-6401
DURBAN (031) 701-9583
NELSPRUIT (013) 752-8074/5
PRETORIA (012) 362-8819/8893
CAPE TOWN (021) 447-1295
PORT ELIZABETH (041) 581-6994/5
OOS LONDON (043) 743-4923
BLOEMFONTEIN (051) 448-1714
KIMBERLEY (053) 832-3231
VEREENIGING (016) 422-5667



CENTURION
THE AUTOMATIC CHOICE

1010.D.01.00172_2.D3/D5 Programming Guide




CENTURION
THE AUTOMATIC CHOICE


PROGRAMMERING VIR DIE D3/D5 MOTOR

KITS GIDS

PROGRAMMERING VIR DIE D3/D5 MOTOR

Voordat die kontroleerder geprogrammeer word, kyk na 3 aspekte:

- 1** Terwyl die hek in die TOE posisie is, moet die distansie tussen die magneet en die sensor 500mm of groter wees. Die gaping tussen die magneet en die sensor moet 13 - 20mm wees. Die pyltjie op die magneet moet na die motor wys.
- 2** Motor bedrading moet korrek wees volgens die hek rigting.
 - Links toemaak: Swart draad buite. (Links van Blou draad).
 - Regs toemaak: Blou draad buite. (Regs van Swart draad).
- 3** Voldoende meganiese eindstoppers vir die oop en toe posisie van die hek. (Sien installasie handleiding)



PROGRAMMERINGS MODUS:

- 1** Verwyder alle elektriese- en battery krag van die kontroleerder.
- 2** Druk die Set Brug oor altwee set puntjies.
- 3** Sit elektriese- en battery krag terug op kontroleerder.
- 4** Maak seker die L2 lig brand (L1 moet dood wees).
- 5** Draai "Manual Override" los. Stoot die hek tot die halfpad posisie. Draai "Manual Override" vas.
- 6** Druk die "TEST" knoppie op die kontroleerder bord net een keer. L1 flikker en hou aan, een keer per sekonde. L2 is nou dood.
- 7** Druk die "TEST" knoppie en hou in, totdat die "STATUS" begin brand, los dan.
Die hek begin nou die automatiese instel roetine, deur stadig OOP te maak. By OOP eindstop, draai hek om en beweeg stadig terug. By TOE eindstop, draai hek om en beweeg vinnig terug, totdat magneet die sensor bereik. Vanaf die sensor beweeg hek stadig. By OOP eindstop, draai hek om en beweeg vinnig terug, totdat magneet die sensor bereik. By TOE eindstop, beweeg hek vinnig terug en stop by voetganger opening.
- 8** Druk die "TEST" knoppie net een keer.
- 9** Maak seker die L2 lig brand (L1 moet dood wees). Dis die einde van die automatiese instel roetine.

OTOMATIESE TOEMAAK

Maak seker motor is in programmeringsmodus (L2 is aan). Druk en hou die "TEST" knoppie in. L1 begin flikker: 1 keer, 1-2 keer, los die "TEST" knoppie. L1 sal nou aanhou twee keer flikker. L2 is nou dood. Druk die "TEST" knoppie in en wag dat "STATUS" 1 keer flikker. Los dan die knoppie. L2 is weer aan. OTOMATIESE TOEMAAK is nou AAN op 15 sekondes (Fabriekstelling). Verwyder die "SET" brug van altwee puntjies en plaas op een punt, slegs as jy klaar is met programmering.

OTOMATIESE TOEMAAK TYD

Maak seker die kontroleerder is in programmeringsmodus (L2 is aan). Druk en hou die "TEST" knoppie in. L1 begin flikker 1, 1-2, 1-2-3, los die knoppie. L1 hou aan om 3 keer te flikker, druk "TEST" knoppie om tyd te stel (1 flikker van STATUS is gelyk aan 1 sekonde). Los die "TEST" knoppie na die verlangde flikkerings van "STATUS". L2 kom weer aan. OTOMATIESE TOEMAAK TYD is nou gestel; verwyder die "SET" brug van altwee puntjies en plaas op een punt, slegs as jy klaar is met programmering.

BOTSING SENSITIWITEIT

Maak seker die kontroleerder is in programmeringsmodus (L2 is aan). Druk en hou die "TEST" knoppie in. L1 begin flikker: 1, 1-2, 1-2-3, 1-2-3-4, 1-2-3-4-5, 1-2-3-4-5-6, 1-2-3-4-5-6-7, los die knoppie. L1 bly 7 keer flikker en L2 gaan dood. Druk die "TEST" knoppie en wag dat "STATUS" flikker.
1 keer = Hoog sensitiwiteit (Hek stop maklik)
2 keer = Medium sensitiwiteit (Hek stop moeiliker)
3 keer = Laag sensitiwiteit (Hek stop moeilik)
Los die "TEST" knoppie by die verlangde "STATUS" flikkering. L2 kom aan. BOTSING SENSITIWITEIT is nou gestel; verwyder die "SET" brug van altwee puntjies en plaas op een punt, slegs as jy klaar is met programmering.